

KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 154 15 Februarie 2019

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Harakiri lojaliteit

Die NHKA is besig om alles in plek te kry vir die hou van die 72ste AKV later hierdie jaar. Daar is keerdadums ten opsigte van verslae en beskrywingspunte. Ringsvergadering word vroeër gehou. Op die oog af lyk alles soos dit in die verlede was. Daar is nog gemeentes waar dit gaan soos dit nog altyd gegaan het, behalwe dat hulle buitensporige heffings (sinodale offergawes) betaal.

Krap 'n mens onder die oppervlak word dit duidelik dat nie alles pluis is nie. Dit is soos daardie knaende geluidjie iewers in die enjin. Jy weet hy is daar maar jy kan nie presies jou vinger daarop plaas nie. Neem jy een tree terug soos ons vanuit die GHG kan doen, word jy nie verblind deur lojaliteit nie. Die 69ste AKV was traumaties en die Kommissie van die 69ste AKV se hantering van die saak uiters onvanpas. Die 70ste AKV het daartoe gelei dat nog 17 gemeentes weggejaag is weens hulle oortuigings; wat ook vroeër die kerk se oortuigings was. Die 71ste AKV het reeds die vrotter vrugte van die vorige twee geleenthede gedra. Wie weet wat gaan hierdie jaar gebeur? Die NHKA bly te midde van ernstige finansiële druk verbind tot 'n regsding wat al miljoene rand gekos het en nog gaan kos. Die GHG het reeds die nodige fondse om

enduit te kan litigeer. GHG lidmate is beter ingelig oor die stand van sake betreffende die hofgeding as wat predikante van die NHKA is. Die Litigasie komitee se werksaamhede is duister en dit is ou inligting wat stuksgewys by gemeentes uitkom. Dit terwyl die NHKA sukkel omdat die kerk jaarliks groot geld aan die Kommissie van die AKV en die paar oorblywende dosente (wat blykbaar nou in Engels klas moet gee) spandeer terwyl die kerk jaarliks meer as 3000 lidmate verloor.

Hervormers wat in onkunde en blinde vertrouwe lewe se kerklike lewe is in 'n stroomversnelling wat kan uitloop op selfvernietiging.

Diegene wat steeds wonder; hierdie Redaksioneel wil predikante, ingeligte lidmate en ampsdraers van die NHKA konfronteer met sekere werklikhede in die vorm van vrae:

- Het jy geweet dat die finale skeur van die kerk by die besluite van die 69e AKV geskied het? Nie net met die aanvaarding van beskrywingspunt 54 nie, maar reeds die Maandag toe die NHKA nie 'n beskrywingspunt oor die *Apostolicum* wou aanvaar nie. Het jy geweet dat die Vrydag se besluit neerkom op 'n vorm van geforseerde leerdwaling?
- Weet jou lidmate wat alles besluit is?

- Weet jou lidmate dat die NHKA die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) se *status confessionis* opgehef het deur basies skuld te bely en die 1982 WBGK besluit te onderskryf? Weet jou lidmate dat die AKV alle voorgangers (insluitend dus lidmate se geliefde voorouers) met daardie besluit tot kettters verklaar het. Het jy aan hulle verduidelik dat "**in stryd met die Evangelie**" beteken dat daar oorlog gevoer word teen die Evangelie?

- Weet jy en weet jou gemeente genoeg aangaande die handeling van die Litigasie komitee of het die komitee *carte Blanche* ten opsigte van begroting en handeling? Word vordering in die regstryd oor eiendom teen gemeentes, wat onder dwang uitgetree het, aan belanghebbendes gekommunikeer? Waar kom die geld vir die lang, uitgerekte litigasie vandaan? Kom dit dalk van "surplusfondse"? Surplusfondse is heffingsgeld wat uit vorige bydraes opgebou is. Finansier die GHG dus indirek met vorige heffingsgeld die regstryd wat die NHKA voer? Kan daardie geld nie beter gebruik word in die "Kerkgeld vir kerk werk" skema nie, 'n skema wat nou uitfaseer word?

- Weet jy en weet jou lidmate van die inhoud van die lesings by UP, van die inhoud van boeke deur dosente geskryf en voorgeskryf? Weet jy dat daar van die sogenaamde "eiesoortige teologiese opleiding" niks oorgebly het nie? Het jy geweet dat alle nuwe predikante volgens verklaarde UP-beleid in Engels opgelei sal word? Weet jy dat die NHKA jaarliks meer as vyf miljoen rand aan die opleiding by UP spandeer?

- Lyk dit vir jou ook asof die sentrale mag (al is dit nie meer in net een kantoor nie) by net 'n paar persone in Pretoria geleë is? Weet jy dat die heffings (met 'n sousie van

mooi woorde herdoop na sinodale offergawes) besig is om gemeentes te versmoor? Weet jy hoeveel gemeentes moes net verlede jaar ontbind? Weet jy dat die NHKA jaarliks met ongeveer 3000 lidmate krimp? Hoeveel predikante se traktement is verminder sodat die gemeente se heffings ten volle betaal kon word? Weet jy hoeveel gemeentes is gedreig met "toemaak en eiendom verkoop net om heffings te betaal"?

- Weet jy dat die Maart uitgawe van Konteks die laaste een ooit sal wees? Dit gaan die einde van 'n era wees. Weet jy dat dit weens "finansiële redes" gedoen gaan word? Is jy bewus daarvan dat Konteks se intekenaars 'n groot deel van die koste dra en dat daar volgens notules net sowat drie honderd duisend rand (R300000) per jaar daarvoor nodig is? Weet jy dat die teologiese opleiding en die Kommissie van die AKV se begroting gesamentlik meer as tien miljoen rand (R10000000) per jaar beloop?

- Is jy tevrede daarmee dat die saak van barmhartigheid verhef is van 'n lewenskwestie tot 'n leersaak? Dit nie geweet nie? Lees jy nie die AKV besluite-bundel nie? Het jy dit nie daar raakgelees nie? "**Ons bely: Die betoning van barmhartigheid aan alle mense in nood is onlosmaaklik deel van gelowiges se uitlewing van hulle geloof in die drie-enige God.**"

- Hoe lank gaan jy nog lojaal wees ten opsigte van 'n kerk wat nie meer is wat hy was nie? Het jy geweet die laaste verwysing na "Volkskerk" is verwyder uit die NHKA Kerkorde

- Hoe lank gaan jy nog toelaat dat lidmate mislei word deur stil te bly oor wat aan die gang is? Hoe lank gaan jy lidmate mislei deur GHG predikante voor te hou as die kinderbybelduiwel?

- Hoeveel predikante is daar in die NHKA wat die verloëning van God verduur net omdat hulle 'n salaris wil ontvang of omdat hulle verkleeft is aan 'n kerk wat lankal nie meer bestaan nie?
Ek vra maar net.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

VRYBURG KERKGEBOU

Vryburg gemeente het 'n kerkgebou aangekoop. Die inwyding en ingebruikneming van die gebou het Sondag 10 Februarie 2019 geskied. Baie geluk aan die kerkraad en lidmate. Mag julle baie Geesvervulde eredienste in julle nuwe tuiste ervaar.

MEDELYE

Ons was saam met Ds Piet Viljoen en gesin hartseer om te hoor dat sy broer na 'n kort siekbed afgesterf het. Ons innige meegevoel aan al die naasbestandes. Die troosdiens vind Vrydag 15 Februarie om 12:00 plaas te Potchefstroom Die Wilge gemeente. Ds Viljoen gaan die diens lei.

MAKWASBYEENKOMS

Alle emeriti, hul gades, predikante weduwees, Bondspredikante en hulle gades word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Dit vind Dv. plaas op 22 Februarie 2019 te Premiemyn van 10:00 tot 12:00. RSVP voor of op Sondag 17 Februarie per What'sApp - Yvette 072 223 7522

KOSTER EISBEINFEEES

Koster gemeente hou hulle jaarlikse Eisbeinfees hierdie jaar op 5,6,7 April 2019 by die Koster dam. Die gemeenskap rat hulself vir hierdie baie suksesvolle fees.

Steve Hofmeyr en ander kunstenaars gaan daar optree.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

BLOEMFONTEIN

Vir studente - tuinwoonstel te huur. Kontak ds Strauss. Sien advertensie onder aan Koersvas

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld ! Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers Etes en wasgoed op afspraak Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Te huur: Tuinwoningstel **vir die ernstige student**

Netjies ingerigte enkelwoningstel
met ommuurde privaattuin
Ingeboude kaste & Kombuiskeuseenheid
Aangrensende badkamer met stort en
voorsiening om eie wasmasjien te koppel
Lugreëling
Veilige en goedbeligte parkering

Kostes:

Huur R3,000 per maand met deposito van R3,000
Betaal eie krag – eie meter vir lees van eenhede gebruik

Ingesluit:

Aparte alarm
Water mits spaarsamig gebruik

Opsie:

Kan inkoop op bestaande Telkom LTE – internet
Daar is plek op plaveisel vir eie mobiele braai-eenheid

Huurder verskaf self: Eie gordyne, meubels en
toerusting (yskas ens).

Reëls: Geen troeteldiere en geraas

Vir navrae en besigtiging
skakel 076 061 0129

